Die Skoollied – Hoërskool Outeniqua

Aan die voet van trotse berge,
Aan die oewer van die see,
Wyd omsoom deur bos en oerwoud,
Sprekend van 'n lang verlee,
Staan ons skool, die Outeniqua,
Roem van skole, bron van lig.
By ons werk en sport en strewe
Is sy eer ons eerste plig.

Outeniqua! Outeniqua
sing ons vrolik dag na dag;
Outeniqua! Outeniqua1
Bly ons wagwoord en ons krag.

Wat ons wil en wens en strewe,
Outeniqua bly ons trots;
Waar ons meesters lei daar volg ons,
Bou ons op 'n vaste rots.
ARBEID ADEL bly ons leuse,
Outeniqua, nooit beskaam
Ons jou wapen, ons jou kleure,

Ons die Outeniqua-naam.